OUERS SE ERVARING VAN ONS GR RR KAMPUS 2024

Hello. Ek wil asb hier iets se want ons moes n harde besluit neem begin van 2024.

Toe die besluit voor ons le om xxxx te skuif na Bakenkop het ons heeltyd gewonder of hy te klein gaan wees en nie dalk net nog n rukkie moet bly by sy skooltjie waar hy maatjies ken en speel nie. As ouers was ons bekommerd of ons hom te vinnig probeer groot kry.

Groot het hy ons verras toe hy op dag 1 omdraai, ons soen en groet sonder n traan. Sommige oggend benodig hy n ekstra drukkie maar ons kan sien hoe xxx gegroei het vandat hy in Bakenkop is.

Nie net vertel hy ons heeltyd van die lekker dinge wat hy doen nie maar ek kan sien hy is lief vir elke onderwyser ook. Selfs die besoek aan Mnr Willie was vir hom ‘n hoogtepunt want grootboet is net in die kantoor as hy siek is en nie omdat hy spesiaal is soos kleinboet nie.

Dankie Bakenkop, julle stap vir seker die ekstra myl om ons kinders te laat weet hulle is die beste!!

~~~
~~~

Goeie dag, ek wil net Baie baie dankie sê vir die ongelooflike ervaring wat ek my kind se gesiggie kan sien vandat hy by Laerskool Bakenkop in graad RR is.

Vandat hy graad RR by Laerskool Bakenkop begin het is my kind 100% gelukkiger.

By sy vorige skool het ń mens altyd ń voorgee glimlag gesien maar nou is daar elke dag ń gelukkige glimlag op my kind se gesig.

My kind ervaar en leer ook so baie en lekker goed elke dag dat hy nie kan ophou vertel van al die lekker dinge wat hulle by die skool leer nie.

My kind sing liedjies, sê gediggies op, kom vertel van alles wat hy geleer het en hoe lekker hy gespeel het. Dan praat ons nie eers van die heerlike uitstappies en aktiwiteite nie.

Dankie aan juffrou Nicke en juffrou Onica wat elke dag vir elke kind spesiaal maak.

~~~
~~~